Hillandale Rolbalklub
Hillandale Bowling Club

TABS RIGLYNE

(Hersien op 25 Februarie 2025)

1. Agtergrond

Die bestuur kondoneer 'n vorige besluit dat die trekking van sosiale spel in die privaatheid van die kroeg gedoen word. Die rede hiervoor is onder andere die volgende:

- Dit is die gebruik by die meeste klubs.

- Dit voorkom dat lede oor die komiteelid, verantwoordelik vir die trekking, se skouer loer en kommentaar lewer soos:
    - Ek wil nie op die kantbaan speel nie.
    - Ek wil nie in 'n sekere posisie speel nie.
    - Ek speel nou al 'n derde keer saam met die of daardie persoon.
    - Ek wil nie in die "broken rink" speel nie.

- Tabs word deur keurders of UB-lede gedoen en hulle bona fides/integriteit moet nie deur die lede in twyfel getrek word nie. Hulle is immers deur die lede tydens die AJV verkies. ***Dit is die persoon aan diens se prerogatief om te besluit of hy die trekking self wil doen en of hy 'n lid wil gebruik om te help met die trekking. Tydens spesiale geleenthede of toernooie kan/sal van spelers gebruik gemaak word om die trekking te doen.***

2. Prosedure wat gevolg word.

2.1 Lede se tabs moet 15 min voor die begintyd, saam met die baanfooie, ingehandig word. Spelers wat laat is, sal slegs geakkommodeer word indien daar 'n opening/"broken rink" is.

2.2 Die persoon aan diens plaas lede se tabs volgens hulle gradering.

2.3 Gradering van lede word jaarliks, of soos wat die behoefte ontstaan, deur die keurders gedoen.

2.4 Slegs in geval van mediese redes of lede bo 80 jaar sal versoeke om in spesifieke posisies gegradeer te word, oorweeg word. (Wel afwaarts, maar nie opwaarts nie)

2.5 Afhangende van die aantal tabs (ledeplaatjies) wat ingehandig is, word daar bepaal of daar trips of viere gespeel word. Trips word as voorkeur gespeel omrede lede die geleentheid kry om meer balle te rol.

2.6 Nadat die trips uitgepak is en dit gebeur dat daar 8 tabs, ipv 6 oor is, besluit die komiteelid of daar een span viere of twee pare-spanne gaan wees. (Normaalweg verkies lede om pare te speel omrede hulle meer balle kan rol)

2.7 Twee weke voor die klub se viere-kampioenskappe word viere getrek sodat lede kan oefen om met twee balle te rol.

I ♥ Lawn Bowls
shutterstock.com • 311684402

2.8 "Broken rink" – Sien punt 4

2.9 Spelers mag nie vra om in ander posisies te speel as hulle gradering nie, behalwe die week voor die SVS-pare gespeel word. Dan mag hulle wel vra om saam met hulle kompetisie- maats te speel. Dit geld net vir pare, want in ander formate is te veel spelers betrokke.

3. Gekontroleerde manipulasie

Die keurders behou die reg voor om veranderings in die volgende omstandighede te Maak:

- Versoeke dat besoekende vriende/familielede in dieselfde driebal of vierbal mag speel.
- Potensiële nuwe lede word in die posisie van hulle keuse en waar hulle die beste blootstelling sal kry, geplaas. (Dit geld net vir die eerste keer wat hulle by die klub speel)
- Versoeke deur spelers wat agv die lot van die trekking binne 'n bestek van twee weke, drie of meer kere saam met dieselfde persoon gespeel het, sal oorweeg word. Dit is die beginsel wat geld en dit het niks te doen met die persoon nie.
- Versoeke deur egpare om nie saam te speel nie.
- Nie genoeg spelers in seker posisies beskikbaar nie, bv te min skieps.
- Versoeke deur lede om in ander posisies as waarin hy gekeur is te speel, omdat die persoon in 'n kompetisie daar gaan speel. (Slegs SVS kompetisies, en nie klubkampioenskappe, opedae en/of ligas nie, en slegs die week voor hy/sy deelneem.)
- Versoeke deur SVS-keurders dat 'n potensiële provinsiale speler in 'n spesifieke posisie tydens kompetisies en sosiale wedstryde speel, om sodoende genoeg blootstelling in die posisie te kry.
- Afrigters en hulle leerlinge speel die eerste twee rondtes saam, ter wille van opleiding, voor hulle losgelaat word.
- Wanneer trekking 'n heel ongebalanseerde uitkoms het, mag enkele ruilings gedoen word. (Die keurders se goeie oordeel sal vertrou word)
- Wanneer spanne op die baan aantree vir sosiale spel, kan die Skieps versoeke deur 'n speler, om in ander posisies te speel, oorweeg of die span skommel om meededingend te wees. (Dit is maw 'n interne reëling en dit bly die skiep se prerogatief)

NB! Bogenoemde reëlings (punt 3) geld net tydens sosiaal en nie tydens kompetisies nie.

4. Hantering van "Broken Rinks""

Alhoewel daar verskeie opsies is hoe 'n onewegetal spelers tydens tabs-in hanteer kan word, het die lede tydens 'n inligtingsvergadering gehou op 25 Februarie 2025 voorkeur aan die volgende opsie gegee.

I ♥ Lawn Bowls
shutterstock.com • 311684402

Hillandale Rolbalklub
Hillandale Bowling Club

- Indien daar viere gespeel word en dus net 7 spelers is geld die volgende:
  Die vierbal speel elkeen met twee balle. Die ander span se lei en tweede speel elkeen drie balle en die skipper twee. In so geval moet die derde van die vierbal by die leie en tweedes staan.

- Indien daar "trips" gespeel word en dus net 5 spelers is geld die volgende:
  Die driebal speel elkeen met twee balle en die ander span se lei speel vier balle en die skipper twee.

.....

J Kruger
Voorsitter
2025-02-25

I ♥ Lawn Bowls
shutterstock.com • 311684402